



Vak: Afrikaans Eerste Addisionele Taal: FAL

MEMORANDUM

Begripsleer: _____ / 15 punte

Tydsduur: 35 minute

Taalleer: _____ / 50 punte

Tydsduur: 1 ½ uur

Instruksies: Begripslees

1. Lees deur die leesstuk oor **Die gans wat goue eiers gelê het.**
2. Beantwoord alle vrae op die vraestel (question paper) of doen dit in jou werksboek.
3. Beantwoord slegs (*only*) met woorde. **GEEN SINNE NIE.**

Die gans wat goue eiers gelê het – 'n fabel van Aesop

Daar was eenmaal 'n man en sy vrou wat 'n gans gehad het. Hierdie gans het goue eiers gelê. Die man en sy vrou het elke dag 'n goue eier vir baie geld verkoop.



Hulle het ryk geword. Hoe meer geld hulle gekry het, hoe meer geld wou hulle hê.

Hulle het gesê, "As ons gans elke dag 'n goue eier lê, moet sy vol goue eiers wees!"

Hulle sny toe die gans oop. Maar wat sien hulle? Daar was nie 'n enkele goue eier in die gans nie. Sy was net soos 'n gewone (*ordinary*) gans. Sy het nooit weer 'n goue eier gelê nie. Die man en sy vrou het nie meer 'n gans gehad nie. Hulle het nie meer goue eiers gekry nie en het nie meer geld gehad nie.

Hulle het armer en armer geword en het later niks meer kos oorgehad om te eet nie.

Begripsleer: Vrae:

1. Wie het die fabel geskryf? **Aesop** (1)
2. Hoekom (Why) het die man en sy vrou die gans oopgesny? (cut open)
vir **goue eiers** (1)
3. Watter **woord** beskryf (describes) hoe die eier lyk (looks)? **goue** (1)
4. Watter **woord** in die laaste sin beteken **nie meer nie**? **niks** (1)
5. Voltooi: arm- armer as - die **armste** (1)
6. Watter **woord** in paragraaf 4 sê vir ons dat die gans 'n **normale gans** was?
gewone (1)
7. Die klank in gans is 'n 'a' klank. Wat is die klank in hierdie? **ie** (1)
8. Watter voël is die mooiste een: 'n mannetjie (male) of wyfie (female)?
mannetjie (1)
9. Watter **woord** in die storie is die teenoorgestelde (opposite) van:
 - 9.1 arm (par 2) **ryk** (1)
 - 9.2 koop (par 1) **verkoop** (1)
 - 9.3 nag (par 1) **dag** (1)
 - 9.4 toe (par 4) **oop** (1)
10. Gee **een woord** uit die storie vir:
 - 10.1 iets wat 'n gans lê: **eier / eiers** (1)
 - 10.2 iets waarmee jy betaal (pay with) om goed te koop: **geld** (1)
11. Hoe dink jy het die man en sy vrou gevoel (how they felt) aan die einde van die storie?
Hulle voel bly / opgewonde/ alleen / **kwaad.** (1)

Totale punt: _____ / 15 punte

Taalleer: Vrae

- 12. Tye van die werkwoord: (Verlede- Past en Toekomstige – Future Tense)** (6)
- (Kyk na week 1 skyfie 2, week 2 skyfie 10, week 11 skyfie 5 vir hulp.)
- Skryf **die sin** eers in die Verlede Tyd (het...ge+ww) en dan in die Toekomstige Tyd (sal...ww)
- 12.1 Die gans staan agter die man.
- Die gans het agter die man gestaan.** (1)
- Die gans sal agter die man staan.** (1)
- 12.2 Die gans eet sy kos op die gras.
- Die gans het sy kos op die gras geëet.** (1)
- Die gans sal sy kos op die gras eet.** (1)
- 12.3 Sy sit op 'n eier.
- Sy het op 'n eier gesit.** (1)
- Sy sal op 'n eier sit.** (1)
- 13. Naamwoorde (Nouns)** (Kyk na week 7 skyfie 2, week 11 skyfies 2,3 en 9 vir hulp.) (7)
- Identifiseer (Identify) 7 naamwoorde uit **Die gans wat goue eiers gelê het.**
- 13.1 **man**
- 13.2 **vrou**
- 13.3 **dag**
- 13.4 **eiers**
- 13.5 **eier**
- 13.6 **geld**
- 13.7 **kos**
- 14. Werkwoorde (Verbs- action words)** (7)
- Identifiseer die werkwoord in elke sin. (Kyk na week 7 skyfie 2, en skyfie 6 vir hulp.)
- 14.1 Die gans **lê** 'n eier. (1)
- 14.2 Die man **verkoop** sy eiers. (1)
- 14.3 Die man **sny** sy gans oop. (1)
- 14.4 Die man **kry** geld vir sy eiers. (1)
- 14.5 Hulle **loop** mark toe. (1)
- 14.6 Hulle **sit** by die tafel en **eet** niks nie. (2)

15. Meervoude: (Plurals) Gee die meervoude van die volgende woorde: (6)

(Kyk na week 3 skyfie 4, week 11 skyfie 4 vir hulp.)

Onthou met 'n kort klank om die laaste letter te dubbel +e

15.1 tafel - tafels

15.2 gras - grasse (kort klank) – dubbel die laaste letter +e

15.3 gans - ganse

15.4 kleur - kleure

15.5 stert - sterte

15.6 man - manne (kort klank) - dubbel die laaste letter +e

16. Verkleinwoorde: (small of: +tjie / +jie / +ie)

Gee die verkleinwoord van die volgende woorde. (6)

(Kyk na week 3 skyfie 4 vir hulp.)

16.1 tafel - tafeltjie

16.2 gans - gansie

16.3 stert - stertjie – + jie, want die woord eindig (ends) op 'n 't'

16.4 man - mannetjie - dubbel eers laaste letter +tjie

16.5 kleur - kleurtjie

16.6 eier - eiertjie

17. Intensiewe Vorme (Intensive Forms) (6)

Gee die Intensiewe Vorm van die woorde tussen hakies.

(Kyk na week 4 skyfie 3, week 7 skyfie 7 vir hulp.)

17.1 Die man en die vrou verkoop die gans se goue eiers en hulle is (baie ryk)

skatryk

17.2 Goue eiers is nie goedkoop nie, maar (baie duur)

peperduur

17.3 In hulle huis is dit (baie warm)

vuurwarm

17.4 'n Gans se vere is (baie geel)

goudgeel

17.5 Hulle is arm en hulle koskaste is (baie leeg)

dolleeg

17.6 Die gans is nie meer swaar nie, maar (baie lig)

veerlig

18. Vergelykings (Comparisons) Vul in die vergelykings.

(4)

(Kyk na week 1 skyfie 6 vir hulp.)

18.1 so lig soos 'n **veer**

18.2 so dood soos 'n **mossie**

18.3 so stil soos 'n **muis**

18.4 so groen soos **gras**

19. Trappe van Vergelyking. Voltooi die tabel.

(8)

(Kyk na week 1 skyfies 7 en 8 vir hulp.)

bv. stadig – stadiger **as** – **die** stadigste

klein - kleiner **as** - **die** kleinste

baie	meer as	die meeste
vinnig	vinniger as	die vinnigste
vuil	vuiler as	die vuilste
groot	groter as (lang klank: - een 'o')	die grootste

Totale punt: _____ /50 punte

